

HOOFSTUK 7

Bestuursmodel vir Oop Afstandsleer aan die NWU

7.1 Inleiding

Die hoofdoel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die ontwikkeling van 'n bestuursmodel vir 'n oop afstandsleer aan die NWU. Om aan hierdie doelwit te voldoen word die belangrikste bevindinge van die literatuurhoofstukke (Hoofstuk 2, 3, 4) sowel as die empiriese ondersoek (Hoofstukke 5 en 6) hier uitgelig en bespreek. Die eerste deel van die hoofstuk verwys na die belangrikste veranderlikes wat in ag geneem moet word soos blyk uit die literatuur oor die innovasie van nuwe besigheidsmodelle, gemeet aan die huidige NWU-bedryfsmodel. Tweedens word gekyk na die fases waarvolgens so 'n nuwe model geïmplementeer kan word, gegewe veral die huidige situasie by NWU. Die volgende deel van hierdie hoofstuk fokus op hoe die bestuurstruktuur van 'n oop afstandsleereenheid saamgestel behoort te word en kan funksioneer. Dit word gedoen deur 'n matriksanalise waarin verskeie navorsers se sienings en voorstelle rakende OAL-modelle, soos blyk uit die literatuuroorsig, ontleed en die belangrikste komponente geïdentifiseer word wat in 'n oop afstandsleereenheid aan die NWU kan figureer. Ook die belangrike resultate van die empiriese ondersoek (Hoofstuk 6) word in hierdie matriksanalise verreken, veral t.o.v. die onderrig-leercomponent. Die finale fase behels die belangrikste komponent vir moontlike struktuur vir 'n OAL-eenheid asook die akademiese skakeling tussen fakulteite en so 'n eenheid.

7.2 Veranderlikes wat 'n rol speel by die ontwikkeling van 'n nuwe model

Die beginsels soos bespreek in Hoofstuk 4 t.o.v. besigheidsmodelinnovasie (par 4.3) word vervolgens saamgevat, waarna elke beginsel met die huidige NWU-struktuur vergelyk word sodat 'n aanbeveling t.o.v. 'n bestuursmodel vir 'n OAL-eenheid gemaak word.

7.2.1 Beginsel van waardetoevoeging

Volgens Chesborough en Rosenbloom (2002) moet uit die ontwikkeling of toevoeging van 'n nuwe eenheid of besigheid die vraag gestel word of die nuwe besigheid waarde toevoeg tot die bestaande maatskappy en ook of daar kliënte is vir die nuwe produk. Die NWU het reeds

begin om die terrein van oop afstandslêer te betree, veral met sy onderwysprogramme, waar daar meer as 24 000 studente betrokke is. Dat dit ongetwyfeld waarde toegevoeg deur 'n bydrae te lewer tot die voorsiening in 'n nasionale behoefte is 'n feit en ook dat waarde toegevoeg is tot die universiteit se beeld, wat verder bemarking van studente versterk het. Die produkte wat tans gebruik word, is gewild en dis nie 'n probleem om kliënte te kry nie. Wat die NWU egter in gedagte sal moet hou met die stigting van 'n OAL-eenheid, is dat die huidige behoefte in onderwys, en dus getalle, mettertyd sal afneem en dat ander produkte aangebied en OAL-moontlikhede voortdurend ondersoek en ontgin moet word. Dit sal byvoorbeeld noodsaaklik wees dat ander fakulteite ook binne drie tot vyf jaar met sekere programme tot afstandsonderwys moet toetree. Ook komponente soos kortkursusse en voorbereidingsprogramme kan aan nuwe toetreders tot 'n universiteit gebied word.

7.2.2 Marksegment

Die meeste aspekte hiervan is reeds onder paragraaf 7.2.1 bespreek. Marksegment dui op daardie deel van die mark (potensiële studente) wat die eenheid wil bedien, byvoorbeeld praktiserende onderwysers wat ondergekwalfiseer is en hulle kwalifikasies wil verbeter; of voornemende studente met hulle aanvanklike opleiding om byvoorbeeld 'n B.Ed- of BCom-graad te voltooi; en studente wat voorgraadse programme wil voltooi maar nie opkampus wil studeer nie. Wat egter ook hier beklemtoon moet word, is 'n verskuiwing in die modus van aflewering. Tans is die primêre aanbiedingsmetode van die NWU afkampusprogramme op kontakonderrig gebaseer. Uit die resultate van die empiriese ondersoek (Hoofstuk 6) het dit duidelik geblyk dat 'n betreklik klein persentasie van die studente kontakklasse bywoon. Die getal studente wat van elektroniese leer gebruik maak, groei geleidelik. Die NWU sal dus met die daarstel van 'n OAL-eenheid deeglik vir die gebruik van tegnologie vir toekomstige marksegmente moet voorsiening maak. Ook die ander metodes van aflewering van onderrigprogramme sal deeglik in 'n nuwe eenheid gevestig moet word. Dit blyk moontlik te wees dat tegnologie en aanbiedingsmetodes van afkampusprogramme die aanbiedingsmetodes van opkampusprogramme in die toekoms kan vervang.

7.2.3 Inkomstegenerering

As die NWU 'n nuwe eenheid stig en ander programme begin aanbied, is die vraag watter organisatoriese model van aanbieding finansiële die winsgewendste is. Met 'n nuwe eenheid bestaan daar twee moontlikhede. Die eenheid kan hetsy volle verantwoordelikheid aanvaar vir

die akademiese en administratiewe komponente, of slegs vir die administratiewe komponent, met die betrokke fakulteite wat verantwoordelikheid aanvaar vir die akademiese komponent. Laasgenoemde model stel besondere uitdagings vir die effektiewe bedryf daarvan en het in die verlede geblyk nie winsgewend te wees nie. Die keuse van 'n model van aanbidding het dus ook finansiële implikasies. Volgens Chesborough en Rosenbloom (2010) is winsgrense baie belangrik in die stigting van 'n nuwe besigheid. Die huidige afstandsonderrigprogramme vir onderwys by die NWU is hoogs winsgewend en basies onontbeerlik vir die NWU. Om met hierdie afstandsonderrigprogramme te kan volhou, sal ander programme naas onderwysprogramme ook in die toekoms aangebied moet word. Veral die model van aanbidding sal onder die soeklig geplaas moet word. Die verlede aan die NWU het bevestig dat afstandsprogramme nie gesamentlik binne 'n fakulteit met opkampusprogramme aangebied moet word nie. Die totale bedryf behoort onafhanklik van opkampus bedryf te staan, maar steeds binne die universiteit se beleid. Hierdie model, veral die toevoeging van nuwe programme, kan finansiële implikasies hê wat in ag geneem moet word.

7.2.4 Netwerke

Met die uitsondering van UNISA, wat 'n selfstandige afstandsonderriguniversiteit is, het daar die afgelope jare 'n aantal kontakuniversiteite die terrein van afstandsonderrig betree. Die NWU is een van hierdie universiteite en het dit selfs as een van sy strategiese prioriteite geïdentifiseer. Dit is 'n feit dat afstandsonderrig in die toekoms 'n groot rol in SA gaan speel en dat toeganklikheid, afstand en finansies 'n bepalende faktor daarin gaan wees. Meer hoëronderwysinstellings kan tot die mark toetree, en met die daarstelling van 'n nuwe eenheid vir oop afstandslere aan die NWU sal deeglik gekyk moet word na sy konkurrente, maar ook hoe beter diens aan sy bestaande en nuwe kliënte gelewer kan word. Tegnologie en studentediens is twee komponente wat deeglik ontwikkel en voortdurend aangepas moet word. Die nuwe eenheid moet verseker dat hy 'n volhoubare, mededingende voorsprong in die mark behou. Gebrek aan besluitneming kan daartoe lei dat 'n nuwe eenheid sy marktaandeel vinnig kan verloor. 'n Nuwe eenheid sal ook met ander tersiêre inrigtings ooreenkomste of vennootskappe sluit, veral waar programme deur konsortiums goedkoper aangebied kan word.

7.2.5 Prosesse en strukture

Volgens Chestnut (2010) moet deeglik beplan word rakende die struktuur van 'n nuwe besigheid. Veral die aflewering van die produk en die ontwikkeling van nuwe produkte en

markte moet oorweging geniet. Wat hierdie veranderlike betref, het die NWU die voordeel dat dit tans oor die SVO beskik, wat reeds 'n gevestigde struktuur vir onderwysprogramme het. Die struktuur het hom reeds bewys as funksioneel om groot getalle te hanteer en effektiewe assessering toe te pas, en het reeds twee internasionale oudits en verskeie nasionale evalueringe t.o.v. kwaliteit met vlieënde vaandels geslaag. Die ideaal sal wees om 'n nuwe eenheid volgens die bestaande SVO-struktuur te ontwikkel. Die struktuur moet nie korttermyngebonde wees nie, maar moet d.m.v. gefaseerde invoering tot 'n onafhanklike OAL-eenheid lei, wat byvoorbeeld alle programme en fasette (waaronder administrasie, onderrigontwerp, navorsing, ens.) vir oop afstandslere hanteer. Christensen (1997) meld egter dat 'n maatskappy ook nie bang moet wees, na gelang van die situasie, om 'n totaal nuwe radikale model te ontwikkel nie.

7.2.6 Konfliktvoorkoming

Porter (1996) stel dit baie duidelik (par. 3.4) dat twee modelle wat dieselfde produk lewer ten spyte van verskillende markte, binne een moedermaatskappy, konflik kan veroorsaak. Daarom stel Bower en Christensen (2001) voor dat om konflik te vermy, dit beter is om die twee modelle as afsonderlike besighede te bedryf. Day *et al.* (2001) ondersteun die gedagte en stel voor dat 'n nuwe eenheid sy eie strategieë, kultuur en prosesse moet ontwikkel. Die NWU, in die proses om 'n nuwe OAL-eenheid te vestig, mag dieselfde konflik beleef as dit waarteen die literatuur waarsku, geïgnoreer word. Harde bestuursbesluite sal geneem moet word oor aspekte soos wat belangrik is vir die toekoms van NWU, hoe 'n nuwe struktuur saamgestel moet word en hoe dit moet funksioneer. Die NWU moet daarteen waak om nie dieselfde foute wat met Telematiese Leer gemaak is, te herhaal nie (Van Wyk, 2008).

7.2.7 Bekwame personeel

Nikerson en Zenger (2002) meld dat waar 'n nuwe besigheid uit 'n bestaande besigheid ontwikkel word, dit van kritieke belang is om personeel te benoem met die nodige agtergrond rakende die nuwe bedryf. In hierdie verband beskik die NWU tans oor voldoende, ervare en bekwame personeel met die nodige kennis en van die nodige kwaliteit om die proses suksesvol verder te laat verloop.

7.2.8 Visie vir nuwe eenheid

Alhoewel hoofsaaklik gerig op die bestaande visie en missie van die moedermaatskappy, behoort 'n eie visie vir die nuwe eenheid binne die raamwerk van die bestaande visie wat veral die verskille uitlig, geskryf te word. Ook moet dit verwys na beide besighede se waardestelsels, maar veral die nuwe eenheid moet die nodige outonomie hê om spesifieke toepaslike kernwaardes te ontwikkel. Hierdie beginsel vir 'n nuwe OAL-eenheid behoort redelik vlot deur NWU geïnkorporeer te kan word.

Bogenoemde agt veranderlikes is uit die literatuur (hoofstuk 4) geïdentifiseer as veranderlikes vir oorweging by die stigting van 'n nuwe besigheid of model, in hierdie studie se geval 'n bestuursmodel vir OAL aan die NWU. Meer detail oor elkeen, asook ander veranderlikes, kan in hoofstuk 4 gevind word. Vervolgens word gekyk na die volgende stap in die proses, nadat die veranderlikes deeglik ontleed is (par. 7.2), nl. die implementeringsfases van 'n nuwe model.

7.3 Vlakke van innovasie van 'n nuwe besigheidsmodel

In hierdie bespreking word kortliks na die verskillende fases van implementering gekyk, soos voorgestel uit die literatuur (sien par. 4.5), asook voorstelle hoe 'n OAL model by NWU ingefaseer kan word ((Farson & Keyes, 2002); Minor, 2009).

7.3.1 Vlak een

Kenmerkend hier is minimum veranderinge aan bestaande produkte, lae risiko en klein kapitaalinvestering. Die NWU beskik reeds oor 'n model vir oop afstandslereer nl. die SVO. As vertrekpunt behoort dié model gebruik te word. Aanpassings aan die bestaande struktuur behoort egter gemaak te word ten einde ook later ander fakulteite en programme te kan akkommodeer. Die SVO behoort ook losgemaak te word van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe maar kan vir 'n tussentydse periode van byvoorbeeld ses tot agt maande steeds funksioneer binne die fakulteit, maar met 'n nuwe struktuur en samewerkingsooreenkomste met die bestaande fakulteit. Die fakulteit behoort taakspanne saam te stel om te kyk hoe onderrig-leer, navorsing en ander komponente kan saamwerk vir die aflewering van programme op- en afkampus. Die senior bestuur van NWU behoort deel te wees van dié proses om moontlike konflik te hanteer, asook om te verseker dat die visie van

die nuwe eenheid in ooreenstemming is met dié van die NWU. Die NWU kan ekstra finansiële uitgawes in dié fase te wagte wees, aangesien 'n nuwe struktuur, moontlike nuwe poste en opgradering van bestaande poste bykomende uitgawes tot gevolg kan hê.

7.3.2 Vlak twee

Hier val die klem op die uitbouing van bestaande programme asook die implementering van nuwe programme. Marknavorsing sal bepaal wat die behoefte aan nuwe produkte is en of die nodige kapasiteit beskikbaar is vir implementering van nuwe programme. Die risiko bly laag in hierdie fase waar die SVO reeds in proses is om nuwe programme te ontwikkel, en dit pas uitstekend in by Miner (2010) se voorstel, naamlik dat nuwe onderwysprogramme by bestaandes gevoeg behoort te word. Die NWU se uitgawe t.o.v. finansies behoort hier relatief klein te wees. Hierdie fase behoort in 'n kort tydperk afgehandel te wees, waarna die proses kan begin vir vlak drie, wat aansienlik van vlak twee verskil, aangesien die bestaande SVO finansiël losgemaak moet word van die fakulteit om oor te skakel na 'n selfstandige OAL-eenheid op die Potchefstroomkampus.

7.3.3 Vlak drie

Groot finansiële uitgawes en risiko's kenmerk dié fase. Aspekte wat in hierdie fase sterk na vore tree, is die bydraes van navorsing- en ontwikkelingspanne, intensiewe markkennis en behoeftebepalings, asook innoverende leierskap. Vandaar dan ook hoekom Miner (2010) na die fase as evolusionêr verwys. Nuwe markte moet ondersoek word, en wat die NWU betref, ook die feit dat ander fakulteite en programme by die bestaande onderwysprogramme gevoeg behoort te word. Dit impliseer dat die nuwe toevoegings (fakulteite) heel moontlik bykomende koste sal moet aangaan om van hul bestaande opkampusprogramme ook vir aanbieding afkampus aan te pas. Ook kan dit sekere personeelimplikasies tot gevolg hê en sal die bestuur van die universiteit hierdie aspek deeglik moet bestuur. Die voordeel vir die NWU is egter dat die bestaande SVO reeds bedryf- en onderrigstrukture en sisteme in plek het, wat 'n groot besparing tot gevolg sal hê.

7.3.4 Vlak vier

Kenmerkend op hierdie vlak is nuwe visionêre idees, m.a.w. waarheen die NWU, en dan volgens vlak drie, die Potchefstroomkampus met oop afstandsleer op pad is. Dit sal uiteraard

verdere risiko's en finansiële implikasies tot gevolg hê. As dit die NWU se visie is om in die toekoms 'n onafhanklike kampus vir oop afstandsl eer te vestig, sal dit die inkoop van ander k ampusse vra. Vlak drie behoort oor 'n tydperk van nie meer nie as vyf jaar geïmplementeer te wees en gedurende hierdie tydperk sal vlak vier deeglik tussen die verskillende rolspelers onderhandel moet word.

Die aanbeveling oor die vlakke van innovasie vir 'n nuwe eenheid vir oop afstandsl eer toon dat dat die NWU reeds oor afstandsonderrigprogramme beskik en dat veral die SVO oor die nodige strukture beskik. Vlak een en twee, mits die personeel van die Fakulteit Opvoedwetenskappe tot die nodige vergelyk kan kom, kan betreklik maklik geskied, met realistiese finansiële uitgawes. Vlak drie en vier sal vereis dat die universiteitsbestuur 'n belangrike rol in die proses moet speel.

7.4 'n Bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die NWU


7.4.1 Die huidige bestuursmodel van NWU

Voordat oorgegaan kan word tot aanbevelings rakende 'n bestuurs- en bedryfsmodel vir OAL aan die NWU, moet eers gekyk word na die model wat tans gebruik word vir opkampusstudente se bedryf. Uiteraard, veral t.o.v. sekere komponente se strukture, behoort 'n oop afstandsl eermodel hierby aan te skakel. Die voorstel van Charitou en Markides (2010) t.o.v. 'n bestaande maatskappy wat 'n nuwe mark wil betree, is dat daar gekyk moet word of 'n totaal nuwe model ontwikkel moet word en of by die bestaande een gebly moet word, met enkele uitbreidings (p132). Hoewel Markides en Oyen (2010) verskil deur aan te beveel dat, sou 'n gevestigde maatskappy besluit om 'n nuwe mark te ontwikkel, die nuwe model wesenlik fundamenteel van die bestaande model moet verskil, is dit egter tog so dat die nuwe en ou model verskeie raakpunte kan hê. Wat egter belangrik uit die literatuur blyk, is dat vir die nuwe maatskappy of eenheid om suksesvol te wees, 'n model ontwikkel moet word wat verseker dat dit oor sy eie kultuur, struktuur en mense met die regte vermoë beskik (Snuikas, 2009).

Die huidige bestuurstruktuur van NWU is dat dit bedryf word deur 'n Institusionele kantoor, bestaande uit 'n verdere drie k ampusse (Figuur 7.1). Die Institusionele kantoor word meer gesien as die organisatoriese bedryf met komponente soos uitvoerende bestuur, finansies, mensehulpbronne, regs kantoor en ander ondersteuningsdienste. Die hoof van die NWU, nl.

die visekanselier, asook die hoofde van onderrig-leer (’n adjunk-visekanselier), en van navorsing en Inligtingstegnologie Sentraal (ITS) (adjunk-visekanselier) is ook deel van die Institusionele Kantoor. Die drie kampusse, wat hoofsaaklik op die akademiese programme, kwaliteit en navorsing konsentreer, word bestuur deur ’n kampusrektor, viserektore (onderrig/leer en navorsing), registrateur (akademiese steundienste) en hoofdirekteur (finansies en fasiliteite). Sonder om die struktuur in detail te bespreek (kyk dokument “Organisasie- en bestuurstrukture en die bestuurstabel in die Akademie” vir volledige bedryf, 2011), blyk dit dat die hoofkomponente van die NWU se bedryf is: Onderrig-leer, navorsing, akademiese administrasie, finansies, fasiliteite, mensehulpbronne en ander ondersteuningsdienste wat toegespits is op studente-ondersteuning, ITS en gemeenskapsdiens.

Figuur 7.1: Bestuurstruktuur van NWU



Die afleiding kan gemaak word dat met die ontwikkeling van 'n nuwe eenheid vir OAL, wat aanvanklik nie maar wel later as 'n selfstandige eenheid kan funksioneer, byvoorbeeld as 'n afsonderlike kampus, hoofsaaklik dieselfde kernbestuurs- en bedryfskomponente van toepassing kan wees. Hoewel sekere hoofkomponente, bv. Onderrig-Leer, in 'n groot mate dieselfde sal wees, behoort die bedryf en samestelling daarvan van die opkampusmodelle te verskil. Ook sal daar nuwe komponente bygevoeg moet word wat eie en uniek is aan 'n oop afstandsleermodel.

7.5 Matriksanalise van bestuurs- en bedryfskomponent wat deel behoort te wees van 'n oop afstandsleereenheid

Soos reeds in Hoofstuk 1 beskryf is, was die hoofdoel van hierdie studie om 'n bestuursmodel vir oop afstandsleer aan die NWU te ontwikkel. Om by hierdie doelwit te kon uitkom, is verdere doelwitte in Hoofstuk 2–6 uitgelig en bespreek. Uit die bespreking van verwante literatuur (hoofstukke 2, 3 en 4) en die resultate van die empiriese studie (hoofstuk 5 en 6) is gevolglik verskeie komponente uitgelig wat deel behoort uit te maak van 'n bestuurs- en bedryfsmodel vir 'n OAL-eenheid. 'n Samevatting van hierdie komponente, met onderafdelings, word in Tabel 7.1 weergegee. Elf hoofkomponente is as die belangrikstes geïdentifiseer. Tabel 7.1 verwys ook na die bronne waaruit die inligting vir hierdie matriksanalise verkry is, tesame met paragraaf- of tabelverwysings en die frekwensie van aanhalings. Dit moet duidelik gestel word dat daar eerstens wel meer as elf komponente uitgelig is, maar dat slegs op die elf belangrikstes gekonsentreer word. Ook kan meer bronne vir 'n spesifieke komponent of onderafdeling aangehaal word, maar daar is volstaan met 'n sekere aantal aanhalings aangesien dit voldoende was om die stelling te verifieer.

Vervolgens word gekyk na die belangrikste bevindinge van Hoofstuk 2, 3 en 4, asook die empiriese ondersoek, om te bepaal watter komponente deel van 'n struktuur vir OAL behoort te wees. Dit word gedoen aan die hand van 'n matriksanalise, waar voorgestelde komponente vir OAL gegroepeer word volgens navorsers, asook die empiriese ondersoek van hierdie studie.

Tabel 7.1: Matriksanalise van komponente wat nodig is vir 'n bestuursmodel van oop afstandsl eer soos verkry uit die literatuur en die empiriese ondersoek van hierdie studie

| KOMPONENTE | OUTEURS / BRONNE | VERWYSING IN STUDIE | FREKWEN-SIES | TOTAAL VIR KOM-PONENT |
|--|--|---|--------------|-----------------------|
| Onderrig-leer (Akademie) Akademiese inhoud: ontwikkeling van onderrigmateriaal assesseringsprosesse | i. Perraton (2004); ii. Koul (2000); iii. Khan (2006) | i=4.8; ii=4.8; iii=4:9.3 | 3 | |
| | i. Perraton (2004); ii. Davis (1996); iii. Diaz (2002); iv. Roach (2003) | i=4.8; ii=4:9.2; iii=4.11.1; iv=4.11.1 | 4 | |
| programontwerpers | i. Hope (2005); ii. Senior bestuurders, NWU (2011); iii. University of Central Florida (2010) | i=4.8.5; ii=6.7.2 iii=2.6.3 | 3 | |
| analises en strategieë van leer programme vir volwasse leerders | i. Compara (2003) | i=4.9.3 | 1 | |
| | i. Oblinger, Baronne en Wallers (2001); ii. Paulson (2002); iii. Johnstone <i>et al.</i> (2002); iv. Aslanian (2001) | i=4.11.1; ii=4:11.1; iii=4:11.1; iv=4.11.1 | 4 | |
| Akademiese onderrig onderrig aan dosente in OAL- metodes van aanbieding | i. Hope (2005); ii. Dasher-Alsten en Putton (1998); iii. Empiriese ondersoek (2011); iv. Solimens <i>et al</i> (2008); v. Desai <i>et al</i> (2008); vi. Blignaut en Els (2009); vii. Louw <i>et al</i> (2008) | i=4.8.5; ii=4.11.2; iii=6.4.2; iv=2.8.2; v=2.7.4; vi=2.7.6; vii=2.7.6 | 7 | |
| aanlynprogramme | i. Calvert (2001); ii. Roach (2003); iii. Gallagher (2003); iv. Wikipedia (2010a) | i=4.8.4; ii=4.11.1; iii=4.11.1; iv. 2.7.3 | 4 | |
| interaktiewe aanbieding webgebaseerde tutoriale kontakonderrig vs. e-leer | i. Pond (2003); ii. Smart Technologies (2011) | i=4.11.3; ii=2.7.1 | 2 | |
| | i. Compara (2003) i. Howell <i>et al.</i> (2003)); ii. Calvert (2001); iii. Empiriese ondersoek (2011); iv. Ackerman (2008); v. Bates (2005); vi. Du Toit (2010); vii. Bernard <i>et al</i> (2004); viii. Taylor (2006); ix. Empiriese ondersoek (2011) | i=4.9.3 i=4.11.2; ii=4.8.4; iii=6.6.24; iv=2.7.1; v=2.7.3;vi=2.7.6;vii=2.8.2; viii=2.8.2;ix=6.4.2 | 9 | |
| tegnologie vir aanbieding | i. Nunan Reid en McCaustand (2002); ii. Koul (2000); iii. DuBrin (2009); iv. Empiriese ondersoek (2011); v. Senior bestuurders, NWU (2011) | i=4.8; ii=4.8; iii=4:9:1; iv=6.4.2; v=6.7.2 | 5 | |
| fakulteite voorberei vir oopafstandleer | i. Bates (2000); ii. Koul (2000); iii. Green (2002), iv. Dunn (2002); v. Brodgen (2002); vi. De-Alva (2000); vii. Senior bestuurders, NWU (2011) | i=4.8; ii=4.8; iii = 4.11.2; iv=4.11.2; v=4.11.2; vi=4.11.2; vii=6.7.2 | 7 | |
| gereedheid van studente vir e-leer | i. Empiriese ondersoek (2011) | i=6.4.2 | 1 | |

| | | | | |
|--|--|---|-------------|----|
| Evaluering van program eksterne evaluering van programme | i. Pond (2003) | i=4.11.3 | 1 | |
| Vennootskappe vir aanbieding van programme konsortium met ander inrigtings | i. Hawkins (2003); ii. Cheney (2002) | i=4.11.3; ii= 4.11.3 | 2 | 54 |
| <u>ITS vir oop afstandseleer</u> Tegnologie ondersteuning assessering interaktiewe uitsendings | i. Compara (2003); ii. Vrystaat Universiteit (2011) i. Koul (2000); ii. Pond (2003); iii. Senior bestuurders, NWU (2011) | i=4.9.3; ii=4.10 i=4.8; ii=4.11.3 iii=6.7.2 | 2 3 | |
| internet | i. Compara (2003); ii. Empiriese ondersoek (2011); iii. Bates (2005); iv. Du Toit (2010) | i=4.9.3; ii=6.4.2 iii=2.7.4; iv=2.7.6 | 4 | |
| konsortium met ander inrigtings studenteondersteuning in programme | i. Hawkins (2003); ii. Cheney (2002) i. DuBrin (2009); ii. De Alva (2000); iii. Paulson (2002); iv. Nunan, Reid en McCaustand (2002); v. Hope (2005) | i=4.11.3; ii=4.11.3 i=4.9.1; ii=4.11.1; iii=4.11.1; iv=4.8; v=4.8.5 | 2 5 | |
| infrastruktuur en sagteware metodes van aflewering | i. Khan (2006); ii. Senior bestuurders, NWU (2011) i. Compara (2003); ii. Murry (2003); iii. Empiriese ondersoek (2011) | i=4:9:3; ii=6.7.2 i=4.9.3; ii=4.11.4; iii=6.4.2 | 2 3 | |
| digitale tegnologie ontwikkeling van eie stelsels Facebook, webinligting | i. Daniel (2011) i. Siaciwena R, s.a i. Aoki en Pograszewski (1998); ii. Vrystaat Universiteit (2011); iii. Linnaeus (2010b); iv. Charles Stuart University (2010c) | i=4.9.2 i=4.8.1 i=4:9:3; ii=4:10; ii=Tabel 3.1; iv=Tabel 3.1 | 1 1 4 | |
| selfoontegnologie | i. Senior bestuurders, NWU (2011); ii. Ally (2009) | i=6.7.2; ii=2.6.3 | 2 | |
| Personeel gekwalfiseerd opleiding | i. Brogain (2003); ii. Young (2003) i. Centron (2003); ii. Oblinger & Kidwell (2000); iii. Empiriese ondersoek (2011) | i=4.11.5; ii=4.11.4 i=4.11.1; ii=4.11.4; iii=6.4.2 | 2 3 | |
| positiewe personeel e-leer aanbied | i. Linder (2002) i. Khan (2006); ii. Empiriese ondersoek (2011); iii. Guri-Rosenblit (2005) | i=4.11.2 i=4.9.3; ii=6.4.3 iii=2.8.1 | 1 3 | 38 |

| | | | | |
|---|---|---|---------|----|
| <u>Ondersteuning/bedryf</u> Administratiewe prosesse registrasie van studente gedesentraliseerde registrasie konsortiums studenterekords | i. Koul (2000); ii. Compara (2003); iii. Vrystaat Universiteit (2011) | i=4.8; ii=4.9.3; iii=4.10 | 3 | |
| | i. Donaldson (2003) | i=4.11.3 | 1 | |
| | i. Hawkins (2003); ii. Cheney (2002) | i=4.11.3; ii=4.11.3 | 2 | |
| | i. Perraton (2004); ii. Hope (2005) | i=4.8; ii=4.8.5 | 2 | |
| Assessering bedryf en werksopdragte eksamenbedryf | i. Compara (2003); ii. Senior bestuurders, NWU (2011) | i=4.9.3; ii=.6.7.2 | 2 | |
| | i. Hope (2005); ii. Compara (2003); iii. Open University London (2010b); iv. Charles Stuart University (2010c); v. Indira Ghandi National Open University (2010b) | i=4.8.5; ii=4.9.3; iii=Tabel 3.1; iv=Tabel 3.1; v=Tabel 3.2 | 5 | |
| Studiemateriaal verspreiding druk van materiaal | i. Perraton (2004); ii. Taylor en Lippit (1983); iii. Hope (2005); iv. Koul (2002); v. Compara (2003) | i=4.8; ii=4.9.2; iii=4.8.5; iv=4.8; v=4.9.3 | 5 | |
| | i. Siaciwena R, s.a; ii. Vrystaat Universiteit (2011) | i=4.8.1; ii=4.10 | 2 | |
| Personeel gekwalifiseerd in afstandsl eer ondersteuning aan studente | i. Siaciwena R, s.a | i=4.8 | 1 | |
| | i. Perraton (2004); ii. Koul (2002); iii. Taylor en Lippit (1983); iv. Khan (2006); v. Du Toit (2010) | i=4.8; ii=4.8; iii=4.9.2; iv=4.9.3; v=2.6.3 | 5 | 28 |
| <u>Finansies</u> begrotings koste-effektiwiteit | i. Howell <i>et al.</i> (2003); ii. Koul (2000); iii. Compara (2003) | i=4.11.2; ii=4.8; iii=4.9.3 | 3 | |
| | i. DuBrin (2009); ii. Davis (1996); iii. Daniel (2011); iv. James (2003) | i=4.9.1; ii=4:9:2; iii=4.9.2; iv=4.11.5 | 4 | |
| | tegnologiese ondersteuning aan studente en instandhouding van fasiliteit | i. Compara (2003) | i=4.9.3 | 1 |
| <u>Studiesentrums</u> skakeling met koördineerders skakeling met fasiliteerders bronnentrums opleiding aan fasiliteerders afstande vanaf studiesentrums dosente moet klasse aanbied beskikbaarheid van internettoegang | i. Hope (2005) | i=4.8.5 | 1 | |
| | i. Hope (2005) | i=4.8.5 | 1 | |
| | i. Compara (2003); ii. Du Toit (2010) | i=4.9.3; ii=2.6.3 | 2 | |
| | i. Koul (2000); ii. Empiriese ondersoek (2011) | i=4.8; ii=.6.4.3 | 2 | |
| | i. Empiriese ondersoek (2011) | i=6.4.2 | 1 | |
| | i. Empiriese ondersoek (2011) | i=6.4.2 | 1 | |
| | i. Empiriese ondersoek (2011) | i=6.4.2 | 1 | 9 |

| | | | | |
|--|--|---|------------------|---|
| <u>Kortkorsusse en projekte</u> VPO- ("CPD") program internasionale skakeling skakeling met kolleges | i. CHED (2011); ii. Vrystaat Universiteit (2011) i. CHED (2011) i. Dunn (2002) i. Vrystaat Universiteit (2011) | i=4.10; ii=4.10 i=4.10 i=4.11.2 i=4.10 | 2 1 1 1 | 5 |
| <u>Kwaliteitsversekering</u> programevaluering | i. Compara (2003) | i=4.9.3 | 1 | |
| programme saamstel volgens nasionale kwaliteitsbehoefes | i. Koul (2000); ii. Siaciwena R, s.a; iii. De-Alva (2000); iv. Pond (2003), v. Howell <i>et al.</i> (2003)); vi. Gallagher (2003); vii. Vrystaat Universiteit (2011) | i=4.8; ii=4.8.1; iii=4.11.2; iv=4.11.3; v=4.11.2; vi=4.11.1; vii=4.10 | 7 | |
| programme belyn tussen kampusse | i. Senior bestuurders, NWU (2011) | i=.6.7.2 | 1 | 9 |
| <u>Bemaking</u> programme bekendstel | i. De Alva (2000); ii. Vrystaat Universiteit (2011) | i=4.11.1; ii=4.10 | 2 | 2 |
| <u>Struktuur</u> volgens studente | i. DuBrin (2009) | i=4.9.1 | 1 | 1 |
| <u>Hiërargiese stelsel</u> bestuur van 'n OAL-model organisatoriese struktuur | i. Compara (2003); ii. Howell, Williams en Lindsey (2003) i. Tau (2008) | i=4.9.3; ii=4.11.3 i=4.8 | 2 1 | 3 |
| <u>Navorsing</u> koördinerings met fakulteite navorsing rakende OAL | i. Vrystaat Universiteit (2011) i. Senior bestuurders, NWU (2011) | i=4:10 i=6.7.2 | 1 1 | 2 |

7.5.1 Onderrig-leer (akademie)

Dit het baie duidelik uit die literatuur geblyk dat 'n oop afstandseleereenheid oor 'n akademiese komponent moet beskik. Veral by enkelmodusuniversiteite is dit onontbeerlik. By dubbelmodusuniversiteite is daar die mening dat die akademiese komponent ten volle by fakulteite kan lê, alhoewel die siening ook gehuldig word dat akademiese kwaliteit by die fakulteit gesetel kan wees, maar die akademiese bedryf by die OAL-eenheid geleë kan wees.

Die geskiedenis van die NWU het egter bewys dat laasgenoemde bedryf nie gewerk het nie, en dat die huidige bedryf van die SVO, wat oor 'n volledige akademiese komponent beskik, effektief werk. Daar word weer na hierdie aspek verwys ná die bespreking van die struktuur van 'n OAL-eenheid (par. 7.6).

Die literatuur- en empiriese ondersoek het veral die volgende komponente, inhoude, aspekte en kontroles as onderafdelings van onderrig-leer as noodsaaklik uitgelig.

- Die ontwikkeling en kwaliteit van die onderrig-leermateriaal tesame met assesseringsprogramme moet deel wees van die eenheid. Verder moet dit beskik oor onafhanklike programontwerpers vir die samestelling van nuwe programme en die evaluering van onderrig-leerstrategieë.
- Dit is uiters belangrik dat dosente en fasiliteerders opleiding moet ontvang oor hoe onderrig-leer vir oop afstandseleerders moet geskied. Kennis en vaardigheid is veral nodig vir die ontwikkeling aan aanlynprogramme, gebruik van byvoorbeeld interaktiewe witborde, opstel van webgebaseerde tutoriale inligting en die verskillende metodes van kontakaanbieding en e-leer. Ook belangrik is dat fakulteite wat tot afstandsonderrig toetree, opgelei moet word in hierdie modus van aflewering, en veral in die gebruik van tegnologie rakende die verskillende metodes van aanbieding.
- Voortdurende eksterne evaluering is noodsaaklik om die kwaliteit en effek van programme te bepaal. Die aanbieding van programme deur konsortiums blyk ook 'n gegewe vir die toekoms te wees.

7.5.2 ITS vir oop afstandsl eer

Die gebruik van tegnologie in die aanbied van programme oor afstand speel 'n uiters belangrike rol in 'n OAL-eenheid. Tegnologiese ondersteuning vir prosesse soos assessering, interaktiewe klasaanbiedings, gebruik van die internet, digitale aanbiedings, selfoontegnologie en die verskaffing van inligting deur die web is daarom 'n vereiste. Infrastruktuur moet geskep word om hierdie dienste aan personeel (dosente) en studente te lewer, wat beteken dat gekwalifiseerde, kundige en toepaslik opgeleide persone deel van 'n OAL-eenheid moet wees.

7.5.3 Ondersteuning/bedryf

Sekerlik een van die belangrikste komponente wat sukses vir afstandsonderrig bepaal, is die gehaltdiens wat aan studente gelewer word. Aangesien hierdie studente nie kampusgebonde is nie, is ondersteuning en dienslewering uiters belangrik.

- Beleid en administratiewe prosesse wat behels registrasie, samewerking met konsortiums en veral registrasie weg van die moederkampus is 'n vereiste vir 'n OAL-eenheid.
- Assessering is 'n belangrike deel waar duisende werkopdragte en eksamens bedryf word, en dit is 'n noodsaaklike afdeling wat moet verseker dat studente spoedige terugvoer kry. Ook spoedige versending van studiemateriaal is belangrik.
- Net soos met akademiese personeel, moet ondersteuningspersoneel deeglik opgelei wees in die bedryf van afkampusprogramme. Aangesien 'n oopleermodel gevolg word, verskil administratiewe prosesse van op- en afkampusstudente.

7.5.4 Finansies

Afstandsonderrig is 'n groot finansiële onderneming en om dit suksesvol te laat geskied, benodig 'n OAL-eenheid hierdie komponent. Aspekte wat hieronder val, is die opstel van jaarlikse begrotings, bepaling van winsgewendheid van programme, finansies wat vir tegnologiese ontwikkeling en betaling van fasiliteerders.

7.5.5 Studiesentrums

Met die bedryf van afstandsonderrig word gebruik gemaak van studiesentrums waar kontakklasse, interaktiewe aanbiedings of groepbesprekings kan plaasvind. Goeie

koördinerings tussens die universiteit en studiesentrums is 'n noodsaaklikheid. Eksamens word meestal ook by hierdie sentrums afgeneem en verder behoort daar internettoegang en 'n bronnensentrum beskikbaar te wees.

7.5.6 Kortkursusse en projekte

Die behoefte aan verdere opleiding deur middel van kortkursusse vir veral volwasse leerders het wêreldwyd en ook in Suid-Afrika 'n drastiese toename getoon. Samewerking met die privaatsektor en staats- en semi-staatsinstellings leen hom uitstekend daartoe om in hierdie behoefte te voorsien. Selfs die ontwikkeling van 'n voorbereidingskollege vir toekomstige studente ressorteer onder hierdie komponent.

7.5.7 Kwaliteitsversekering

Daar word dikwels gevra of afstandsonderrig oor die nodige kwaliteit beskik. Die literatuur bevestig dat hierdie vrae glad nie meer gegrond is nie, maar soos met enige fakulteit sal 'n OAL-eenheid ook moet waak oor die kwaliteit van sy programme, aanbieding en assessering. Dit regverdig dus hierdie komponent as deel van 'n OAL-eenheid. Verpligte evaluering rakende programinhoud (in samewerking met fakulteite), effek van programme in die private sektor asook bepaling van behoefte vir nuwe programme sal onder hierdie komponent hanteer word.

7.5.8 Bemarking

Bemarking van programme en oop afstandslere vereis ander tegnieke as vir opkampusprogramme. Aangesien bykomende mannekrag benodig word, blyk die moderne tendens te wees om eerder van private instansies en konsortiums gebruik te maak om hierdie proses uit te voer. Hierdie instansies het ook gewoonlik beter toegang tot veral studente in 'n landelike omgewing.

7.5.9 Struktuur

Onder 7.6 word na 'n bestuursmodel vir OAL aan die NWU gekyk, maar die literatuur wys duidelik daarop dat elke eenheid sy eie, unieke en spesifieke struktuur vir OAL behoort saam te stel volgens sy behoeftes. Faktore wat 'n rol kan speel, is die getal studente wat deur oop

afstandslereer studeer, aard van die programme wat aangebied word en samewerking met ander rolspelers in konsortiums.

7.5.10 'n Eie hiërargiese struktuur

Hoewel 'n selfstandige OAL-eenheid deel sal uitmaak van 'n bestaande universiteitstruktuur, behoort dit 'n eie hiërargiese struktuur te hê wat eerstens sorg dat die eenheid effektief bestuur word, maar tweedens ook dat dit binne en saam met bestaande strukture funksioneer. Uitvoerende gesag, rapporteringslyne en skakeling met ander fakulteite en kampusse behoort in so 'n struktuur uitgeklaar te word.

7.5.11 Navorsing

Die literatuur en navorsing in hierdie studie het duidelik aangetoon dat 'n OAL-eenheid ook 'n navorsingskomponent behoort te hê. Navorsing kan gesamentlik gedoen word met ander fakulteite om sodoende byvoorbeeld 'n fokusarea rakende 'n OAL-entiteit te verkry. Ook kan aspekte rakende die bedryf van OAL, byvoorbeeld effek van programme, kontakklasbywoning, gereedheid vir e-leer en tegnologie by studentesentrums, nagevors word.

Opsommend, nou dat daar gekyk is na die belangrikste komponente, soos bevind uit die matriksanalise en gebaseer op die literatuur en die empiriese ondersoek van hierdie studie, kan daarna oorgegaan word om 'n moontlike struktuur vir 'n bestuurs- en bedryfsmodel vir 'n OAL-eenheid aan die NWU voor te stel.

7.6 'n Bestuursmodel vir 'n eenheid vir oop afstandslereer aan die NWU

Voordat oorgegaan word na die voorstel van 'n bestuursmodel en bedryfsstruktuur vir OAL aan die NWU soos bepaal met die hoofdoelwit (doelwit 7) van hierdie studie moet egter eers enkele riglyne, beginsels en besluite voorgestel word vir oorweging deur die senior bestuur van die NWU. Gebruik die huidige strukture en stelsels soos gebruik deur die SVO as vertrekpunt vir 'n selfstandige eenheid vir oop afstandslereer. Soos uit die matriksanalise (Tabel 7.1) blyk, is die meeste van die voorgestelde komponente reeds in gebruik deur die SVO. Waar daar voorsien word dat afstandsonderrig nou na ander fakulteite behoort uitgebrei te

word, sal daar uiteraard aanpassings gemaak moet word en 'n veranderde struktuur in plek gestel moet word.

- Met die vestiging van 'n nuwe eenheid vir OAL betree die NWU dus amptelik die veld van 'n dubbelmodusuniversiteit, dus met op- en afkampusprogramme. Inderwaarheid het die SVO reeds die konsortiummodus betree deur gebruik te maak van privaat instansies as administratiewe samewerkers. Die konsortiummodus van aflewering behoort daarom ook in die toekoms 'n al hoe groter rol by die eenheid te speel.
- Die oop afstandseleerensheid kan verkieslik aanvanklik slegs op die Potchefstroomkampus gevestig word, waar die SVO tans is, maar moet mettertyd diensvlak-ooreenkomste met ander fakulteite, kampusse en privaat instansies sluit. Die ideaal van die NWU moet wees om wanneer die tyd daarvoor gereed is, 'n unieke onafhanklike kampus of virtuele kampus slegs vir afstandsprogramme by die NWU te vestig.
- Skole, fakulteite en kampusse van die NWU moet nie onmiddellik gedwing word om programme by of deur die OAL-eenheid aan te bied nie. Die vraag na onderwysprogramme, en die huidige SVO-bedryf, sal vir die volgende 5-8 jaar nog in groot aanvraag wees. Onderhandelings met fakulteite moet intussen gevoer word oor moontlike programme wat hulle afkampus wil aanbied en hoe die eenheid hulle hierin kan ondersteun. Fakulteite wat reeds afkampusprogramme aanbied, moet daarmee voortgaan, maar inskakeling of samewerking met die eenheid moet prioriteit geniet. Ver al die konsolidering van ondersteunings- en bedryfspersoneel moet so gou moontlik oorweeg word.
- Waar die eienaarskap en kwaliteit van akademiese programme moet lê, vra deeglike besinning. Die volgende moet oorweeg word:
 - i) Dat programme wat deur fakulteite op- en afkampus aangebied word, ten volle by die fakulteite gesetel moet wees ten opsigte van ontwikkeling en aanpassing van inhoud, assessering en kwaliteitskontrole. Die OAL-eenheid hanteer dus slegs die bedryf van die program;
 - ii) dat programme wat slegs afkampus aangebied word, ten volle by die eenheid gesetel moet wees wat betref bestuur en bedryf, maar dat die akademiese kwaliteit steeds by die fakulteite gesetel moet wees; en

- iii) dat by programme wat namens ander instansies aangebied word, hetsy volledige programme of kortkursusse, die kwaliteitskontrole by die eenheid gesetel moet wees. Verdere toeligting rakende die saak word gegee as die akademiese skakeling (Figuur 7.2) bespreek word.
- o Soos duidelik uit die literatuur blyk, kan die aanwending van akademiese personeel vir op- en afkampusprogramme tot konflik lei. Fakulteite sal deeglik oor die saak moet besin. Die geskiedenis het bewys dat een van die redes waarom die TLS-model misluk het, juis was oor die feit dat opkampuspersoneel nie volle verantwoordelikheid vir afkampusprogramme wou aanvaar nie. Die SVO het die probleem en konflik voorkom deur personeel aan te stel wat slegs afkampusprogramme aanbied. Fakulteite moet beseef dat as hulle verantwoordelikheid aanvaar vir die akademiese prosesse, hulle die personeel sal moet verskaf wat by die OAL-eenheid verantwoordelik is vir onderrig-leer sowel as assessering van daardie programme. In so 'n geval sal die eenheid dus slegs verantwoordelik wees vir die administratiewe en logistiese ondersteuning van die programme.
- o Ernstige oorweging moet deur die senior bestuur van NWU gegee word aan die beginsel dat 'n OAL-eenheid nie slegs 'n administratiewe eenheid moet wees nie, maar ook 'n akademiese en navorsingskomponent moet bevat. Die literatuur beveel hierdie beginsel sterk aan en word ook so deur die navorser van hierdie studie voorgestel. Uit Figuur 7.2 word voorstelle gemaak van hoe 'n eenheid vir oop afstandleer aan die NWU aanvanklik saamgestel behoort te wees en behoort te funksioneer. Agt van die hoofkomponente soos in die matriksontleding gevind, vorm die kern van die eenheid. Dit behels komponente of afdelings vir Onderrig-leer, Navorsing, Ondersteuning, IT, Studiesentrums, Kortkursusse en Projekte, Bestuursinligting, Finansies en Bemarking. Die komponente wat ook in die matriksanalise uitgelig is, nl. Struktuur, Hiërargiese Stelsel en Kwaliteitsversekering word wel in die voorgestelde model as onderafdelings ingewerk. Vervolgens word kortliks na elke komponent of afdeling van die bestuursmodel vir OAL aan die NWU gekyk (Sien Figuur 7.1).

7.6.1 Komponente in die bedryf van 'n eenheid vir oop afstandsl eer aan die NWU

Op grond van die literatuurstudie, empiriese ondersoek en voorafgaande beredenering word voorgestel dat 'n OAL-eenheid uit die volgende komponente saamgestel word. Elke komponent word kortliks gemotiveer.


7.6.1.1 Onderrig-leer

Om voorsiening te maak vir alle moontlike programme wat self deur die eenheid aangebied kan word, of namens fakulteite aangebied kan word, word onderrig-leer in drie afdelings verdeel nl. aanvanklike opleiding, voortgesette opleiding en nagraadse opleiding. Voorbeelde van sulke programme word in Figuur 7.2 genoem. Soos herhaaldelik in hierdie studie beskryf, verskil die ontwikkeling en aanbieding van programme vir op- en afkampusprogramme. Bestaande akademiese personeel, asook nuwe aanstellings, sal dus die nodige akademiese onderrig in afstandsprogramme moet kry. Programontwikkelaars, instruksionele ontwerpers kwaliteitsversekeraars, programleiers, e-leerdeskundiges en IT-spesialiste sal personeel in hierdie verband moet ondersteun. Ook sal die OAL-eenheid fakulteite akademies moet ondersteun in die bemaking van hul afkampusprogramme.

7.6.1.2 Navorsing

Twee vorme van navorsing behoort te figureer by 'n OAL-eenheid. Navorsing aan die NWU en ook in SA rakende oop afstandsl eer is nog relatief min. Die eenheid, tesame met ander fakulteite en kampusse, kan 'n navorsingsfokus op die OAL-terrein verkry wat enorme geleentheid vir navorsing aan die NWU kan skep. 'n Tweede soort navorsing wat by die eenheid tuis hoort, is gefokus op impakstudies. Sodoende kan byvoorbeeld die redes vir bywoning en nie-bywoning van kontakklasse, die e-leergereedheid van studente, die effek van interaktiewe witborde as aanbiedingsmetode en so meer in hierdie soort navorsing bepaal word.

Figuur 7.2 : Voorstel vir Eenheid vir Oop Afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit



7.6.1.3 *Ondersteuning en bedryf*

Hoewel heelwat prosesse dieselfde is as vir opkampusstudente, is daar tog wesenlike verskille wat hierdie afdeling vir 'n OAL-eenheid onontbeerlik maak. Die literatuur beklemtoon ook die noodsaaklikheid van hierdie komponent. Drie afdelings van bedryf word onderskei:

- i) Aansoeke, registrasie en kurrikulumkontrole is 'n voortdurende proses.
- ii) Assessering van werksopdragte en eksamens. Anders as met 'n opkampusbedryf geskied die assessering van werksopdragte dwarsdeur die jaar en eksamens vind ook op ander tye plaas. Die logistiek rondom die prosesse vra fyn beplanning. Bedryf van assessering van aanlynprogramme geskied ook hier.
- iii) Studiemateriaalverspreiding. Alle ingeskrewe studente behoort alle boeke, studiegidse, leesbundels en CD's as deel van hul studiepakkette ontvang.

7.6.1.4 *IT-ondersteuning*

Die rol van tegnologie by afstandsprogramme is van wesenlike belang. Die OAL-eenheid is 'n nuwe afdeling vir die NWU en sal deeglik gevestig moet word. Dit behels o.a. die oordrag van punte na die NWU-stelsel, oordra van punte vanaf administratiewe samewerkings, die opleiding van akademiese personeel in die gebruik van tegnologie by klasaanbiedings, die bedryf van die inbelsentrum om studentenvrae te beantwoord en installering van interaktiewe witborde by studiesentrums. Verder behels dit ook die tegniese aspekte van witborduitsendings byvoorbeeld aanbied van verskillende programme na verskillende studiesentrums op dieselfde tyd.

7.6.1.5 *Studiesentrums*

Die kern van kontakklasse is gesetel by die verskillende studiesentrums. Meer sentrums moet gevestig word na gelang die behoefte ontstaan. Sinchronisasie van witborduitsendings en kontakklasse vereis die opstel van roosters, die bestuur van sentrumkoördineerders, fasiliteerders, bronnensentrumassistente en internetoperateurs.

7.6.1.6 Kort kursusse en projekte

Sekerlik een van die grootste uitdagings van 'n nuwe eenheid vir OAL sal wees om hierdie afdeling te bedryf. Daar bestaan by die privaat sektor 'n enorme behoefte aan hierdie komponent. Ook die ondersteuning van Kolleges vir Verdere Onderrig en Opleiding, asook voorbereidingsprogramme, skep uitdagings. Die moontlikheid bestaan dat die afdeling mettertyd in twee komponente kan ontwikkel, nl. een afdeling vir NWU-kortkursusse en -projekte en 'n tweede afdeling wat 'n kollege kan word waar voorbereidingsprogramme asook programme in samewerking met private instansies aangebied word.

7.6.1.7 Bestuursinligting en finansies

Aangesien so 'n groot getal studente in verskillende programme bedryf sal word, vra dit bestuursinligting wat van dag tot dag op datum gehou moet word. Hoeveel studente op 'n spesifieke datum in verskillende programme geregistreer is, die getal graduandi's, terminering van studies, beursstudente en getalle volgens institusionele planne is enkele voorbeelde wat deur bestuursinligting beskikbaar gestel sal moet word. Finansies sal ook 'n belangrike rol speel by 'n eenheid vir OAL. Maandeliks word bykans 300 fasiliteerders, sentrumkoördineerders, internetoperateurs en bronesentrumassistente betaal en al hierdie inligting soos dit van die sentrums verkry word, moet geverifieer word. Die opstel van begrotings vir die verskillende afdelings binne die eenheid moet jaarlike gedoen en gereeld gemoniteer word. 'n Begroting van ongeveer R200 miljoen per jaar is hier ter sprake.

7.6.1.8 Bemarking

Weens die andersheid van die mark, bv. volwasse leerders afwesig van kampusse, sal 'n afsonderlike afdeling saamgestel moet word om studentewerwing vir die verskillende fakulteite te doen.

Aanbeveling uit hierdie studie en volgens die hoofdoelwit van hierdie studie:


'n Bestuursmodel vir oop afstandslereer aan die NWU is voorgestel in Figuur 7.2, met die nodige bespreking en motivering (sien par. 7.6). 'n Saak waaroor die navorser haar nie direk uitgespreek het nie, is die posvlak van die verskillende persone wat die verskillende komponente van die eenheid moet bestuur. Enkele voorstelle vir oorweging word wel

gemaak. Aan die hoof van die eenheid behoort 'n uitvoerende hoof te wees. Dit kan op die vlak van 'n dekaan wees, maar nie met dieselfde benaming nie. Die hoof sal soos 'n dekaan uitvoerende magte moet hê vir besluitneming en aan die rektorat rapporteer. Vir die afdelings onderrig-leer, navorsing, ondersteuning en bedryf, en kort kursusse en projekte behoort 'n direkteur as hoof benoem te word. Die omvang van die komponente tesame met hul verantwoordelikheid, regverdig 'n direkteur. Elkeen van die oorblywende komponente nl. IT-ondersteuning, studiesentrums, bemarking en bestuursinligting en finansies behoort 'n afdelingshoof te hê. Die afdelings aanvanklike opleiding, voortgesette opleiding en nagraadse opleiding behoort 'n akademiese bestuurder aan die hoof te hê. Ook by die drie onderafdelings vir ondersteuning en bedryf behoort 'n afdelingshoof op die vlak van senior administratiewe beampte aan die hoof te staan.

7.7 Akademiese skakeling tussen fakulteite en OAL-eenheid

Ten slotte onder 'n model vir oop afstandsl eer aan die NWU word gekyk na 'n voorstel hoe akademiese skakeling tussen fakulteite en 'n OAL-eenheid vir 'n interim periode van 3-5 maande. Daarna behoort die akademiese skakeling weer geherevalueer te word.. Soos reeds in Figuur 7.1 verduidelik en ook in Figuur 7.2 geïllustreer, behoort 'n eenheid vir oop afstandsl eer (kyk Figuur 7.3) ook 'n akademiese komponent te hê. Drie soorte van bedryf van akademiese programme of kort kursusse word voorgestel, nl. eerstens akademiese programme en kort kursusse wat op- en afkampus aangebied word, tweedens akademiese programme en kort kursusse wat slegs afkampus aangebied word en laastens akademiese programme en kort kursusse wat nie aan die NWU behoort nie maar deur die eenheid bedryf word. Alle akademiese programme wat aan die NWU behoort, word deur middel van programkoördineerders en vakgroepe by fakulteite bedryf. Dit impliseer dat die akademiese kwaliteit ten opsigte van inhoud, aanpassings van bestaande programme en assessering bedryf word deur die fakulteit waar die program geleë is. Fakulteite wat dus programme afkampus wil aanbied, moet met die

Figuur 7.3 : Akademiese skakeling tussen fakulteite en OAL-eenheid



OAL-eenheid onderhandel vir diensvlakoooreenkomste oor wie waarvoor verantwoordelik is. Vir huidige onderwys-programme wat slegs afkampus bedryf word, soos die huidige NPOD en GOS-program, is die akademiese personeel by die eenheid gesetel en is die volle bestuur en bedryf van hierdie programme die verantwoordelikheid van die OAL-eenheid. Vir hierdie soort programme moet dosente van die eenheid met vakgroepe by fakulteite skakel om te verseker dat die nodige akademiese kwaliteit gehandhaaf word. Net soos met opkampusprogramme wat ook afkampus aangebied word, moet programme wat slegs afkampus aangebied word, ook deur die fakulteit en fakulteitsraad goedgekeur en vir kwaliteit gemonitor word. Vir die derde groep programme en kort kursusse wat aan eksterne instansies behoort en deur die OAL-eenheid aangebied en bestuur word, moet die gesamentlike kwaliteitsversekering by die eenheid en die eksterne instansie geleë wees.

Vir die effektiewe bestuur van akademiese programme wat deur die OAL-eenheid bedryf word, kan van bestaande ondersteuningsafdelings van die NWU gebruik gemaak word. Hier word verwys na akademiese administrasie rakende studenteregistrasie, eksamens en akademiese steundienste vir aspekte soos eenvormige onderrig-leerbeleid, e-leer, ens. Die OAL-eenheid behoort ook die reg te hê om met ander kampusse asook private instansies te onderhandel en in die geval van 'n konsortiummodel, ook met ander universiteite en privaat inrigtings rakende die aanbod van programme.

Die OAL-eenheid moet soos enige ander fakulteit aan die UBK en Senaat rapporteer. 'n OAL-Raad word voorgestel wat nie alleen met fakulteite rakende akademiese programme skakel nie, maar ook verantwoordelik is vir die algemene bestuur en bedryf van die eenheid. Daar word voorgestel dat die hoofde van die agt geïdentifiseerde komponente in die Raad dien, tesame met fakulteitsverteenvoordigers vir programme waaroor hulle verantwoordelikheid aanvaar. Programleiers vir die programme wat slegs afkampus aangebied word, asook verteenwoordigers van akademiese ondersteuning en private instansies, is ook noodsaaklike lede van so 'n Raad. Na gelang die behoefte ontstaan, kan dan meer lede gekoöpteer word.

7.8 Leemtes van die studie

Die volgende aspekte kan as leemtes uit hierdie studie geïdentifiseer word:

- Die voorgestelde model is nog nie in die praktyk ten volle beproef is nie. Veral die bedryf waar alle fakulteite wat betrokke is, kan onvoorsiene uitdagings stel, wat eers na verloop van tyd antwoorde sal verskaf.
- Die e-leermetode van onderrig is slegs op afstandstudente getoets. Die vraag bly onbekend of opkampusstudente e-leergereed is en of kontakonderrig by hulle steeds 'n metode van aanbidding is. Veral 'n moontlike toekomstige oop leer aanbidding in beide op- en afkampus, kan by die resultaat baat vind.

7.9 Voorstelle vir verdere navorsing

- Dat die effektiwiteit van die huidige model ná drie jaar geëvalueer word vir moontlike aanpassings volgens nuwe behoeftes wat kan ontstaan.
- Dat ondersoek ingestel word na 'n eenvormige oopleermetode van aanbidding wat terselfdertyd vir op- en afkampusstudente gebruik kan word
- Dat die effek van kontakonderrig versus e-leer en metode van aanbidding binne 'n nuwe moderne NWU ondersoek word met verwysing na oop leer.

Slotwoord

Volgens die Groenskrif oor Naskoolse Onderwys en Opleiding (2011) is dit 'n voldonge feit dat tradisionele kontakuniversiteite in Suid-Afrika ook betrokke sal moet raak by inisiële en verdere hoëronderwysopleiding deur middel van afstandsonderwys prosesse. Bestaande kontakuniversiteite beskik nie oor die nodige kapasiteit om meer studente opkampus te akkommodeer nie, die enigste alternatief is dus oop afstandsleer. Die doel van hierdie studie was dan ook om ondersoek in te stel na wat dit behels om 'n bestuursmodel vir oop afstandsleer aan 'n tradisionele kontakuniversiteit, in die geval die Noordwes universiteit, te vestig. Om aan die doel van die studie te voldoen is eerstes 'n deeglike literatuurstudie gedoen rakende die konseptualisering en begroning van terminologie soos oop afstandsleer, afstandsonderwys, enkelmodus- en dubbelmodus universiteite. Aangesien die metode van onderrig by 'n oop afstandsleer eenheid op 'n kontinuum van kontakonderrig tot aanlynaanbieding geleë is, is ook deeglik na die literatuurbeskrywings hiervan gekyk, tesame met die eietydse siening van e-leer. Aangesien die studie primêr gehandel het oor bestuur- en bedryfsaspekte van 'n eenheid vir oop afstandsleer, is ook ondersoek ingestel by verskeie soortgelyke universiteite wat oor afstand opereer. Deeglike navorsing is ook gedoen rakende die innovasie van nuwe modelle en die kriteriums wat daarvoor gestel word. Veral die komponente van 'n bestuursmodel in OAL is deeglik beredeneer.

Voorts is 'n empiriese ondersoek gedoen na die effek van kontakklasbywoning op akademiese prestasie. Hierdie resultaat sou 'n bepalende rigtingwyser wees vir 'n oop afstandsleereenheid n.l. of kontakonderrig noodsaaklik is vir akademiese sukses, of studente e-leer verkies en of hulle gereed is daarvoor. Met die empiriese ondersoek is na die module-uitslae van 4931 modules in die GOS-program gekyk. Dit is opgevolg met verdere vraelyste (n=87) op 'n aantal ewekansig geselekteerde studente in die GOS-program om meer detail inligting te verkry rakende aspekte soos kontakklasbywoning, studiesentrums, fasiliteerders, besit van rekenaars en internet toegang. Opvolg fokusgroeponderhoude is met 24 studente gevoer om verdere inligting en toeligting te bekom rakende die vraelysondersoek.

Buiten die inligting bekom uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek rakende komponente wat nodig is vir die effektiewe bestuur van 'n oop afstandsleereenheid, was dit ook nodig om fokusgroeponderhoude met seniorbestuurslede aan die NWU te voer om hul

siening te bepaal. Met die inligting wat uit die onderhoude met die bestuurders, die literatuurstudie en empiriese ondersoek verkry is, is gevolglik 'n matriksanalise gedoen om komponente te identifiseer wat noodsaaklik was vir 'n oop afstandseleereenheid aan die NWU.

Die studie slaag daarin om 'n wetenskaplik gefundeerde bestuur- en bedryfsmodel saam te stel wat komponente uitgelig het waaraan so 'n model moet voldoen. Die studie kan as baanbrekerswerk in Suid-Afrika gesien word, aangesien dit die eerste keer is dat komponente van 'n eenheid vir oop afstandseleer aan 'n tradisionele kontakuniversiteit, wetenskaplik nagevors en gekonseptualiseer is. Nie alleen sal die model van groot waarde wees vir toepassing aan die NWU wees nie, maar kan ook met groot vrug deur ander kontakuniversiteite gebruik word. Verder voldoen hierdie studie ook aan die toekomstige behoeftes van onderwys in Suid-Afrika soos gestipuleer in die Groenskrif, naamlik dat oop afstandseleer as metode van onderrig gebruik moet word om toegang aan meer naskoolse leerders te gee.